STADSRAAD VAN BRAKPAN

PROKLAMERING VAN 'N PAD OOR GEDEELTE 15 VAN ERF 130, VULCANIA UITBREIDING 2 DORPSGEBIED, BRAKPAN

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepaling van artikel 5 van die "Local Authorities Roads Ordinance" No 44 van 1904, soos gewysig, dat die Stadsraad van Brakpan van voorneme is om 'n versoekskrif tot die Administrateur te rig om die pad wat in die bylae hiertoe omskryf word en gedefinieer word deur Diagram SG No A2034/86 wat deur Landmeter S de Bod opgestel is van opmetings wat gedurende Oktober 1979 uitgevoer is, as openbare pad te proklameer. 'n Afskrif van die Versoekskrif, Diagram en Bylae ter insae in die kantoor van die ondergetekende tydens gewone kantoorure.

Enige belanghebbende persoon wat beswaar teen die proklamering van die voorgestelde pad wil indien, moet sodanige beswaar skriftelik, in tweevoud, by die Direkteur van Plaaslike Besture, Privaatsak X437, Pretoria 0001 en by die ondergetekende indien nie later nie as 22 September 1986.

G E SWART
Stadsklerk

Stadhuis
Brakpan
6 Augustus 1986
Kennisgewing No 56/1986

1296—6—13—20

BYLAAG

'n Pad beginnende by Lemmerweg in die geproklameerde Vulcania Uitbreiding 2 Dorpsgebied, vandaar in 'n noordoostelike rigting oor Gedeelte 15 van Erf 130, Vulcania Uitbreiding 2, groot ongeveer 8 315 m² om aan te sluit by Goudweg geleë in Vulcania Uitbreiding 2 Dorpsgebied, wat geproklameer staan te word soos volledig aangedui op Diagram LG No A6460/79.

TOWN COUNCIL OF BRITS

ASSESSMENT RATES IN RESPECT OF THE FINANCIAL YEAR 1 JULY 1986 TO 30 JUNE 1987

Notice is hereby given that in terms of section 26(2) of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance 11 of 1977), the fol-

lowing general rate has been levied in respect of the abovementioned financial year on rateable property recorded in the valuation roll:

(a) On the site value of any land or right in land, an original rate of 5c (five cents) in the Rand;

(b) subject to the approval of the Administrator in terms of the provisions of section 21(3)(a) of the abovementioned Ordinance an additional rate of 0,2 (comma two cents) in the Rand on the site value of any land or right in land.

In terms of section 21(5) of the said Ordinance, a rebate of the general rate levied on the site value of land or any right in land referred to in (a) and (b) above 60 % is granted in respect of special and general residential erven, business erven and farm portions used for special residential purposes which does not qualify for a rebate in terms of section 22 of the said Ordinance: Provided that no vacant business and/or general residential erven on which a dwelling is to be erected after 1 July 1986 qualifies for this rebate.

In terms of section 21(4) of the said Ordinance, a rebate of the general rate levied on the site value of land on any right in land referred to in (a) and (b) above of 25 % is granted in respect of erven used for "General Residential" or business purposes in proclaimed townships.

In terms of section 21(4) of the said Ordinance a rebate levied on the site value of land or any right in land referred to in (a) and (b) above of 15 % is granted in respect of erven used for business purposes on farm portions.

The amount due for rates as contemplated in section 27 of the said Ordinance is due on the first of each month and shall be payable in instalments of equal of varying amounts on or before the fifteenth of the relevant month.

Interest at a rate equal to the maximum percentage chargeable in terms of section 50A of Ordinance 17 of 1939, is chargeable on all amounts in arrear after the fixed day and defaulters are liable to legal proceedings for recovery of such arrear amounts. (Presently 15 % per annum).

A J BRINK
Town Clerk

Town Hall
PO Box 106
Brits
6 August 1986
Notice No 43/1986

STADSRAAD VAN BRITS

EIENDOMSBELASTING VIR DIE BOEKJAAR 1 JULIE 1986 TOT 30 JUNIE 1987

Kennis word hierby gegee dat ingevolge artikel 26(2) van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Besture (Ordonnansie 11 van 1977), die volgende algemene eiendomsbelasting ten opsigte van die bogenoemde boekjaar gehê is op belasbare eiendom in die waarderingslys opgeteken:

(a) 'n Oorspronklike belasting van 5c (vyf sent) in die Rand op die terreinwaarde van enige grond of reg in grond;

(b) onderhewig aan die goedkeuring van die Administrateur ingevolge die bepaling van artikel 21(3)(a) van die genoemde Ordonnansie, 'n addisionele belasting van 0,2 (komma twee sent) in die Rand op die terreinwaarde van enige grond of reg in grond.

Ingevolge artikel 21(5) van genoemde Ordonnansie, word 'n korting van 60 % op alge-

mene eiendomsbelasting gehef op die terreinwaarde van grond of enige reg in grond soos in (a) en (b) hierbo genoem, toegestaan ten opsigte van spesiale en algemene woonerwe, besigheidserwe en plaasgedeeltes wat vir spesiale woondoelende gebruik word, uitgesonderd eiendomme wat nie vir 'n korting ingevolge die bepalings van artikel 22 van genoemde Ordonnansie kwalifiseer nie, met die voorbehoud dat geen vakante besigheidserwe of algemene woonerwe waarop na 1 Julie 1986 'n woonhuis opgerig staan te word, vir die korting kwalifiseer nie.

Ingevolge artikel 21(4) van genoemde Ordonnansie word 'n korting van 25 % op die algemene eiendomsbelasting gehef op die terreinwaarde van grond of enige reg in grond soos in (a) en (b) hierbo genoem, ten opsigte van "Algemene Woon" erwe sowel as besigheidserwe wat in geproklameerde dorpsgebiede geleë is, toegestaan.

Ingevolge artikel 21(4) van genoemde Ordonnansie word 'n korting van 15 % op die algemene eiendomsbelasting gehef op die terreinwaarde van grond of enige reg in grond soos in (a) en (b) hierbo genoem ten opsigte van besigheidserwe wat op plaasgedeeltes geleë is, toegestaan.

Die bedrag verskuldig vir eiendomsbelasting, soos in artikel 27 van genoemde Ordonnansie beoog, is verskuldig op die eerste van elke maand en is betaalbaar in paaiemente van gelyke of wisselende bedrae voor of op die vyftiende van die betrokke maand.

Rente teen die maksimum rentekoers hefbaar ingevolge die bepalings van artikel 50A van Ordonnansie 17 van 1939, is op alle agterstallige bedrae na die vasgestelde dag hefbaar en wanbetalers is onderhewig aan regsprosedure vir die invordering van sodanige agterstallige bedrae. (Huidiglik 15 % per jaar).

A J BRINK
Stadsklerk

Stadhuis
Postbus 106
Brits 0250
6 Augustus 1986
Kennissgewing No 43/1986

1297 — 6

TOWN COUNCIL OF BRONKHORST- SPRUIT

AMENDMENT TO DRAINAGE BY-LAWS

Notice is hereby given in terms of section 80B(3) of the Local Government Ordinance 1939, as amended, that the Town Council of Bronkhorstspuit intends amending its Drainage By-laws promulgated under Administrator's Notice 3 of 5 January, 1983, as amended.

The general purport of the amendment is the increase of basic drainage charges with effect from 1 July, 1986.

Copies of this amendment are open for inspection at the office of the Council for a period of fourteen days from the date of publication hereof.

Any person who wishes to lodge an objection to the said amendment shall do so in writing to the undersigned within fourteen days of the publication of this notice in the Provincial Gazette.

DR H B SENEKAL
Town Clerk

Municipal Offices
Bronkhorstspuit
6 August 1986
Notice No 11/1986

STADSRAAD VAN BRONKHORSTSPRUIT

WYSIGING VAN RIOLERINGSVERORDENINGE

Kennis geskied hiermee kragtens artikel 80B(3) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, soos gewysig, dat die Stadsraad van Bronkhorstspuit van voorneme is om sy Rioleringsverordeninge afgekondig by Administrateurskennissgewing 3 van 5 Januarie 1983, soos gewysig verder te wysig.

Die algemene strekking van die wysiging is die verhoging van basiese rioleringsgelde vanaf 1 Julie 1986.

Afskrifte van hierdie wysiging lê ter insae by die kantoor van die Raad vir 'n tydperk van veertien dae vanaf die datum van publikasie hiervan.

Enige persoon wat beswaar teen genoemde wysiging wens aan te teken moet dit skriftelik binne veertien dae ná die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant by die ondergetekende doen.

DR H B SENEKAL
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Bronkhorstspuit
6 Augustus 1986
Kennissgewing No 11/1986

1298 — 6

TOWN COUNCIL OF BRONKHORST- SPRUIT

AMENDMENT TO SANITARY TARIFF

Notice is hereby given in terms of section 80B(3) of the Local Government Ordinance, 1939, as amended, that the Town Council of Bronkhorstspuit intends amending its Sanitary Tariff promulgated under Administrator's Notice 411, of 7 June, 1961.

The general purport of the amendment is the increase of tariffs with effect from 1 July, 1986.

Copies of this amendment are open for inspection at the office of the Council for a period of fourteen days from the date of publication hereof.

Any person who wishes to lodge an objection to the said amendment shall do so in writing to the undersigned within fourteen days of the publication of this notice in the Provincial Gazette.

DR H B SENEKAL
Town Clerk

Municipal Offices
Bronkhorstspuit
6 August 1986
Notice No 12/1986

STADSRAAD VAN BRONKHORSTSPRUIT

WYSIGING VAN SANITÊREVERORDENINGE

Kennis geskied hiermee kragtens artikel 80B(3) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, soos gewysig, dat die Stadsraad van Bronkhorstspuit van voorneme is om sy Sanitêretarief afgekondig by Administra-

teurskennissgewing 411 van 7 Junie 1961, soos gewysig verder te wysig.

Die algemene strekking van die wysiging is die verhoging van tariewe vanaf 1 Julie 1986.

Afskrifte van hierdie wysiging lê ter insae by die kantoor van die Raad vir 'n tydperk van veertien dae vanaf die datum van publikasie hiervan.

Enige persoon wat beswaar teen genoemde wysiging wens aan te teken moet dit skriftelik binne veertien dae ná die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant by die ondergetekende doen.

DR H B SENEKAL
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Bronkhorstspuit
6 Augustus 1986
Kennissgewing No 12/1986

1299 — 6

TOWN COUNCIL OF BRONKHORST- SPRUIT

AMENDMENT TO ELECTRICITY BY-LAWS

Notice is hereby given in terms of section 80B(3) of the Local Government Ordinance 1939, as amended, that the Town Council of Bronkhorstspuit intends amending its Electricity By-laws promulgated under Administrator's Notice 1152, dated 18 July, 1984, as amended.

The general purport of the amendment is the increase of service charges with effect from 1 July, 1986.

Copies of this amendment are open for inspection at the office of the Council for a period of fourteen days from the date of publication hereof.

Any person who wishes to lodge an objection to the said amendment shall do so in writing to the undersigned within fourteen days of the publication of this notice in the Provincial Gazette.

DR H B SENEKAL
Town Clerk

Municipal Offices
Bronkhorstspuit
6 August 1986
Notice No 13/1986

STADSRAAD VAN BRONKHORSTSPRUIT

WYSIGING VAN ELEKTRISITEITS- VERORDENINGE

Kennis geskied hiermee kragtens artikel 80B(3) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, soos gewysig, dat die Stadsraad van Bronkhorstspuit van voorneme is om sy Elektrisiteitsverordeninge afgekondig by Administrateurskennissgewing 1152 van 18 Junie 1984, te wysig.

Die algemene strekking van die wysiging is die verhoging van diensgelde vanaf 1 Julie 1986.

Afskrifte van hierdie wysiging lê ter insae by die kantoor van die Raad vir 'n tydperk van veertien dae vanaf die datum van publikasie hiervan.

Enige persoon wat beswaar teen genoemde wysiging wens aan te teken, moet dit skriftelik binne veertien dae ná die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant by die ondergetekende doen.

DR H B SENEKAL
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Bronkhorstspuit
6 Augustus 1986
Kennisgewing No 13/1986

1300 — 6

TOWN COUNCIL OF BRONKHORSTSPRUIT

AMENDMENT TO WATER SUPPLY BY-LAWS

Notice is hereby given in terms of section 80B(3) of the Local Government Ordinance 1939, as amended, that the Town Council of Bronkhorstspuit intends amending its Water Supply By-laws promulgated under Administrator's Notice 1082, dated 3 August, 1977, as amended.

The general purport of the amendment is the increase of basic water charges with effect from 1 July, 1986.

Copies of this amendment are open for inspection at the office of the Council for a period of fourteen days from the date of publication hereof.

Any person who wishes to lodge an objection to the said amendment shall do so in writing to the undersigned within fourteen days of the publication of this notice in the Provincial Gazette.

DR H B SENEKAL
Town Clerk

Municipal Offices
Bronkhorstspuit
6 August 1986
Notice No 14/1986

STADSRAAD VAN BRONKHORSTSPRUIT

WYSIGING VAN WATERVOORSIENINGSVERORDENINGE

Kennis geskied hiermee kragtens artikel 80B(3) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, soos gewysig, dat die Stadsraad van Bronkhorstspuit van voorneme is om sy Watervoorsieningsverordeninge afgekondig by Administrateurskennisgewing 1082 van 3 Augustus 1977 te wysig.

Die algemene strekking van die wysiging is die verhoging van basiese water gelde vanaf 1 Julie 1986.

Afskrifte van hierdie wysiging lê ter insae by die kantoor van die Raad vir 'n tydperk van veertien dae vanaf die datum van publikasie hiervan.

Enige persoon wat beswaar teen genoemde wysiging wens aan te teken, moet dit skriftelik binne veertien dae ná die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant by die ondergetekende doen.

DR H B SENEKAL
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Bronkhorstspuit
6 Augustus 1986
Kennisgewing No 14/1986

1301 — 6

LOCAL AUTHORITY OF DELAREYVILLE

NOTICE OF GENERAL RATE AND OF FIXED DAY FOR PAYMENT IN RESPECT OF FINANCIAL YEAR 1 JULY 1986 TO 30 JUNE 1987

Notice is hereby given that in terms of section 26(2)(a) of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance 11 of 1977), the following general rate will be levied in respect of the abovementioned financial year on rateable property recorded in the valuation roll:

(a) On the site value of any land or right in land, 7,50 cents in the Rand.

(b) On the improvement value of all rateable property, 0,35 cent in the Rand.

The amount due for rates as contemplated in section 27 of the said Ordinance shall be payable on 1 July, 1986 (fixed day) or in twelve (12) monthly payments rounded off to the nearest cent, on or before the fifteenth day of each month.

Interest of fifteen per cent (15 %) per annum is chargeable on all amounts in arrear after the fixed day and defaulters are liable to legal proceedings for recovery of such arrear amounts.

H M JOUBERT
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 24
Delareyville
2770
6 August 1986
Notice No 12/1986

PLAASLIKE BESTUUR VAN DELAREYVILLE

KENNISGEWING VAN ALGEMENE EIENDOMSBELASTING EN VAN VASGESTELDE DAG VIR BETALING TEN OPSIGTE VAN DIE BOEKJAAR 1 JULIE 1986 TOT 30 JUNIE 1987

Kennis word hierby gegee dat ingevolge artikel 26(2)(a) van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Besture, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977), die volgende algemene eiendomsbelasting ten opsigte van die bogemelde boekjaar gehel sal word op belaste eiendom in die waarderingslys opgeteken:

(a) Op die terreinwaarde van enige grond of reg in grond, 7,50 sent in die Rand;

(b) Op die verbeteringswaarde van alle belaste eiendom, 0,35 sent in die Rand.

Die bedrag verskuldig vir eiendomsbelasting, soos in artikel 27 van genoemde Ordonnansie beoog, is op 1 Julie 1986 (vasgestelde dag) of in twaalf (12) maandelikse paaielemente, afgerond tot die naaste sent, voor of by die vyftiende dag van elke maand betaalbaar.

Rente teen vyftien persent (15 %) per jaar is op alle agterstallige bedrae na die vasgestelde dag hefbaar en wanbetalers is onderhewig aan regsproses vir die invordering van sodanige agterstallige bedrae.

H M JOUBERT
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 24
Delareyville
2770
6 Augustus 1986
Kennisgewing No 12/1986

1302—6

TOWN COUNCIL OF ERMELO

LOCAL AUTHORITY OF ERMELO: SUPPLEMENTARY VALUATION ROLL FOR THE FINANCIAL YEARS 1984/85

(Regulation 12)

Notice is hereby given in terms of section 16(4)(a)/37 of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance 11 of 1977), that the supplementary valuation roll for the financial years 1984/85 of all rateable property within the municipality has been certified and signed by the chairman of the Valuation Board and has therefore become fixed and binding upon all persons concerned as contemplated in section 16(3)/37 of that Ordinance.

However, attention is directed to section 17 or 38 of the said Ordinance, which provides as follows:

"Right of appeal against decision of Valuation Board.

17.(1) An objector who has appeared or has been represented before a Valuation Board, including an objector who has lodged or presented a reply contemplated in section 15(4), may appeal against the decision of such Board in respect of which he is an objector within thirty days from the date of the publication in the Provincial Gazette of the notice referred to in section 16(4)(a) or, where the provisions of section 16(5) are applicable, within twenty-one days after the day on which the reasons referred to therein, were forwarded to such objector, by lodging with the secretary of such Board a notice of appeal in the manner and in accordance with the procedure prescribed and such secretary shall forward forthwith a copy of such notice of appeal to the valuer and to the local authority concerned.

(2) A local authority which is not an objector may appeal against any decision of a Valuation Board in the manner contemplated in subsection (1) and any other person who is not an objector but who is directly affected by a decision of a Valuation Board may, in like manner, appeal against such decision."

A notice of appeal form may be obtained from the secretary of the Valuation Board.

H J VAN ZYL
Secretary: Valuation Board

PO Box 48
Ermelo
2350
6 August 1986
Notice 29/1986

STADSRAAD VAN ERMELO

PLAASLIKE BESTUUR VAN ERMELO: AANVULLENDE WAARDERINGSLYS VIR DIE BOEKJARE 1984/85

(Regulasie 12)

Kennis word hierby ingevolge artikel 16(4)(a)/37 van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Besture, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977), gegee dat die aanvullende waarderingslys vir die boekjare 1984/85 van alle belaste eiendom binne die munisipaliteit deur die voorsitter van die Waarderingsraad gesertifiseer en geteken is en gevolglik finaal en bindend geword het op alle betrokke persone soos in artikel 16(3)/37 van daardie Ordonnansie beoog.

Die aandag word egter gevestig op artikel 17 of 38 van die gemelde Ordonnansie wat soos volg bepaal:

"Reg van appèl teen beslissing van Waarderingsraad.

17.(1) 'n Beswaarmaker wat voor 'n Waarderingsraad verskyn het of verteenwoordig was, met inbegrip van 'n beswaarmaker wat 'n antwoord soos in artikel 15(4) beoog, ingedien of voorgelê het, kan teen die beslissing van sodanige Raad ten opsigte waarvan hy 'n beswaarmaker is, binne dertig dae vanaf die datum van die publikasie in die Provinsiale Koerant van die kennisgewing in artikel 16(4)(a) genoem of, waar die bepaling van artikel 16(5) van toepassing is, binne een-en-twintig dae na die dag waarop die redes daarin genoem, aan sodanige beswaarmaker gestuur is, appèl aanteken deur by die sekretaris van sodanige Raad 'n kennisgewing van appèl op die wyse soos voorgeskryf en in ooreenstemming met die prosedure soos voorgeskryf in te dien en sodanige sekretaris stuur onverwyld 'n afskrif van sodanige kennisgewing van appèl aan die waardeerder en aan die betrokke plaaslike bestuur.

(2) 'n Plaaslike bestuur wat nie 'n beswaarmaker is nie, kan teen enige beslissing van 'n Waarderingsraad appèl aanteken op die wyse in subartikel (1) beoog en enige ander persoon wat nie 'n beswaarmaker is nie maar wat regstreeks deur 'n beslissing van 'n Waarderingsraad geraak word, kan op dergelike wyse, teen sodanige beslissing appèl aanteken."

'n Vorm vir kennisgewing van appèl kan van die sekretaris van die Waarderingsraad verkry word.

H J VAN ZYL
Sekretaris: Waarderingsraad

Posbus 48
Ermelo
2350
6 Augustus 1986
Kennisgewing 29/1986

1303—6—13

TOWN COUNCIL OF ERMELO

PROPOSED CLOSING OF A PORTION OF NIKKEL STREET, ERMELO

Notice is hereby given in accordance with the provisions of section 67 of the Local Government Ordinance, No 17 of 1939, as amended, that it is the intension of the Town Council of Ermelo to close a portion of Nikkel Street measuring 895 m², permanently.

Full particulars of the proposed closing may be inspected during normal office hours at the office of the Town Clerk, Civic Centre, G F Joubert Park, Ermelo.

Any person who has any objection to the proposed closing, or may have any claim for compensation if such closing is carried out, is requested to lodge his objection or claim with the Town Clerk, PO Box 48, Ermelo, in writing on or before 8 October 1986.

P J G VAN R VAN OUDTSHOORN
Town Clerk

Civic Centre
PO Box 48
Ermelo
2350
6 August 1986
Notice No 30/1986

STADSRAAD VAN ERMELO

VOORGENOME SLUITING VAN 'N GEDEELTE VAN NIKKELSTRAAT, ERMELO

Hiermee word ingevolge die bepalinge van artikel 67 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No 17 van 1939, kennis gegee dat die Stadsraad van Ermelo voornemens is om 'n gedeelte van Nikkelstraat, groot 895 m² te sluit.

Volledige besonderhede van die voorgename sluiting lê gedurende kantoorure by die kantoor van die Stadsklerk, Burgersentrum, G F Joubertpark, Ermelo, ter insae.

Enige iemand wat teen die voorgename sluiting beswaar wil maak of wat enige aanspraak op vergoeding mag hê indien sodanige sluiting plaasvind, moet sy beswaar of aanspraak op vergoeding skriftelik voor 8 Oktober 1986 maak.

P J G VAN R VAN OUDTSHOORN
Stadsklerk

Burgersentrum
Posbus 48
Ermelo
2350
6 Augustus 1986
Kennisgewing No 30/1986

1304—6

CITY COUNCIL OF GERMISTON

AMENDMENT TO DETERMINATION OF CHARGES FOR THE SUPPLY OF ELECTRICITY

In terms of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939, it is hereby notified that the City Council by Special Resolution further amended the Determination of Charges for the Supply of Electricity published under Municipal Notice 88/1985 dated 10 July 1985, as amended, with effect from 1 July 1986, by the substitution in subitem (1) of item 7 for the expression "0 %" of the expression "5 %".

J A DU PLESSIS
Town Clerk

Municipal Offices
78A President Street
Germiston
6 August 1986
Notice No 107/1986

STADSRAAD VAN GERMISTON

WYSIGING VAN DIE VASSTELLING VAN GELDE VIR DIE LEWERING VAN ELEKTRISITEIT

Ingevolge artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekend gemaak dat die Stadsraad van Germiston by Spesiale Besluit die Vasstelling van Gelde vir die Lewering van Elektrisiteit, afgekondig by Munisipale Kennisgewing 88/1985 van 10 Julie 1985, soos gewysig, verder met ingang van 1 Julie 1986, gewysig het deur in subitem (1) van item 7 die uitdrukking "0 %" deur die uitdrukking "5 %" te vervang.

J A DU PLESSIS
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Presidentstraat 78A
Germiston
6 Augustus 1986
Kennisgewing No 107/1986

1305—6

CITY COUNCIL OF GERMISTON

AMENDMENT TO DETERMINATION OF CHARGES FOR WATER SUPPLY

In terms of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939, it is hereby notified that the City Council has by Special Resolution further amended the Determination of Charges for Water Supply published under Municipal Notice 96/1984 dated 12 September 1984, as amended, with effect from 1 July 1986, by amending Part A as follows:

1. By the substitution in paragraph (a) of subitem 1(1) for the amount "R24" of the amount "R36".
2. By the substitution in subitem 3(1) for the amount "R10" of the amount "R20".
3. By the substitution in subitem 3(2) for the amount "R30" of the amount "R800".
4. By the substitution in subitem 3(3) for the amount "R3" of the amount "R10".
5. By the deletion of item 4.

J A DU PLESSIS
Town Clerk

Municipal Offices
78A President Street
Germiston
6 August 1986
Notice No 106/1986

STADSRAAD VAN GERMISTON

WYSIGING VAN DIE VASSTELLING VAN GELDE VIR DIE LEWERING VAN WATER

Ingevolge artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekend gemaak dat die Stadsraad van Germiston by Spesiale Besluit die Vasstelling van Gelde vir die Lewering van Water afgekondig by Munisipale Kennisgewing 96/1984 van 12 September 1984, soos gewysig, met ingang 1 Julie 1986 verder gewysig het deur Deel A soos volg te wysig:

1. Deur in paragraaf (a) van subitem 1(1) die bedrag "R24" deur die bedrag "R36" te vervang.
2. Deur in subitem 3(1) die bedrag "R10" deur die bedrag "R20" te vervang.
3. Deur in subitem 3(2) die bedrag "R30" deur die bedrag "R800" te vervang.
4. Deur in subitem 3(3) die bedrag "R3" deur die bedrag "R10" te vervang.
5. Deur item 4 te skrap.

J A DU PLESSIS
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Presidentstraat 78A
Germiston
6 Augustus 1986
Kennisgewing No 106/1986

1306—6

CITY COUNCIL OF GERMISTON

DETERMINATION OF CHARGES FOR SANITARY AND REFUSE REMOVAL SERVICES

In terms of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939, it is hereby noti-

fied that the Germiston City Council has, by Special Resolution, withdrawn the Determination of Charges for Sanitary and Refuse Removal published under Notice No 87/1985, dated 10 July 1985 and redetermined the Charges for Sanitary and Refuse Removal Services with effect from 1 July 1986 as follows:

CHARGES FOR SANITARY AND REFUSE REMOVAL SERVICES

1. Definitions

For the purposes of this tariff —

“bin lining” means a beige plastic bag imprinted with a minimum of five G’s, transparent enough so that the contents may be determined, made of virgin high-density polyethelene with a minimum thickness of 22 micrometre and a variation in thickness of maximum 10 %, and the size of such plastic bag when laid flat, shall be 760 mm by 1 000 mm with a maximum variation of 5 mm;

“domestic refuse” shall have the same meaning assigned thereto in section 44(e)(i) under Chapter 1 of Part IV of the Council’s Public Health By-laws;

“garden refuse” shall include grass, cutflowers and loppings of trees, bound in bundles small enough for a man to carry under his arm or to be deposited into plastic bags;

“trade refuse” shall include trees cut up into sizes small enough for the Council’s vehicles to handle, and all heavy refuse of a bulky nature which cannot be deposited in the prescribed plastic bag or container and shall include ash, clinkers, sand, stones, bricks, rubbish, slag, metal articles, wooden boxes, pieces of timber, steel shavings, sawdust or such like articles.

2. General

(1) To expedite the removal of domestic refuse, the Council may require that only bin linings bearing the Council’s identification mark be used for the removal of such refuse and that the owner or occupier of the premises provide such bin linings at his own expense. The Council may also require that no domestic refuse be placed in any refuse bin which is not provided with a bin lining.

(2) The bin linings referred to in subitem (1) shall be properly and effectively closed, bound and placed on the sidewalk adjacent to the street abounding on the premises on the day on which the Council shall decide that such domestic refuse shall be removed. The Council reserves the right to determine that domestic refuse shall be removed from all premises within its area of jurisdiction.

(3) Plastic bags which may be used for the removal of garden refuse shall not be larger than the bin linings which the Council may prescribe for the removal of domestic refuse. A maximum of 10 bags per removal shall be allowed. Branches and all excess garden refuse which cannot be accommodated in plastic bags, shall be designated “special garden refuse” and handled as such and shall include hedges and such like refuse.

(4) The Medical Officer of Health has the right to determine how often and on what basis refuse shall be removed.

(5) All charges levied on a half-yearly basis in terms of this tariff, shall be payable half-yearly on or before 30 April and on or before 31 October in respect of every six months calculated from 1 January or 1 July respectively of every year.

3. Removal of Domestic Refuse

(1) Per Refuse Receptacle

(a) Private Dwellings:

(i) Once a week per half-year per bin (maximum of 2 bin linings per bin): R36.

(ii) Twice a week per half-year per bin (without bin linings): R56.

(b) All Businesses:

(i) Once a week per half-year, per bin (maximum of 2 bin linings per bin): R44.

(ii) Twice per week per half-year, per bin (maximum of 2 bin linings per bin): R88.

(iii) Three times per week per half-year per bin (maximum of 2 bin linings per bin): R132.

(c) Flats and Townhouses:

Once per week per half year per flat: R27.

(d) Temporary service per week, or part thereof: R9 with a minimum of R43 per service. Special service as per quotation.

(2) Per Bulk Containers

(a) With capacity of 600 l per half-year:

(i) Daily: R760 (5 day week).

(ii) Three times per week: R456.

(iii) Twice weekly: R304.

(iv) Once per week: R152.

(b) With capacity of 660 l per half-year:

(i) Daily: R835 (5 day week).

(ii) Three times per week: R501.

(iii) Twice weekly: R334.

(iv) Once per week: R167.

(c) With capacity of 750 l per half-year:

(i) Daily: R945 (5 day week).

(ii) Three times per week: R567.

(iii) Twice weekly: R378.

(iv) Once per week: R189.

(d) With capacity of 1 000 l per half-year:

(i) Daily: R1 270 (5 day week).

(ii) Three times per week: R762.

(iii) Twice weekly: R508.

(iv) Once per week: R254.

(e) With capacity of 1,1 m³ per half-year:

(i) Daily: R1 400 (5 day week).

(ii) Three times per week: R840.

(iii) Twice weekly: R560.

(iv) Once per week: R280.

(f) With capacity of 2,5 m³ per half-year:

(i) Daily: R2 630 (5 day week).

(ii) Three times per week: R1 578.

(iii) Twice weekly: R1 052.

(iv) Once per week: R526.

(g) With capacity of 5,5 m³ per half-year:

(i) Daily: R5 760 (5 day week).

(ii) Three times per week: R3 456.

(iii) Twice weekly: R2 304.

(iv) Once per week: R1 152.

4. Removal of Trade Refuse

(1) Per m³ or part thereof, payable in advance or by coupon: R9 with a minimum of R18.

(2) Motor car wreck: R50.

(3) Compacted refuse per m³ or part thereof: R14,50.

(4) Per bulk container for each removal:

(a) With capacity of 6 m³: R50.

(b) With capacity of 8 m³: R66.

(c) With capacity of 9 m³: R75.

(d) With capacity of 10 m³: R83.

(e) With capacity of 12 m³: R100.

(f) Compacted refuse per 10 m³: R101.

(5) Hire of Bulk Containers:

Should any bulk container not be emptied at least four times per month, the following tariffs shall apply:

(a) 6 m³ monthly: R20.

(b) 8 m³ monthly: R27.

(c) 9 m³ monthly: R32.

(d) 10 m³ monthly: R37.

(e) 12 m³ monthly: R42.

5. Removal of Garden Refuse

(1) Special garden refuse per m³ mechanically loaded and removed: R6.

(2) Special garden refuse per m³ hand-loaded: R9.

(3) Minimum charge in respect of paragraphs (a) and (b) per removal: R18.

6. Removal of Night-soil or Urine or both, per Pail

(1) Businesses, mines or other commercial undertakings, two or three times per week per half-year: R113.

(2) Private dwellings two or three times per week per half-year: R64.

(3) Asiatic Bazaar and Coloured residential area daily per half-year: R44.

7. Vacuum Tank Service

Removal of sewage and slops by means of vacuum tank payable monthly per kl or part thereof:

(a) In respect of a private dwelling: R6 with a minimum of R26,50 per service per tank.

(b) In every other case: R8,50 with a minimum of R42,50 per service per tank.

8. Destruction Service

(1) Removal by the Council’s vehicles and acceptance of animal carcasses or other material for destruction at the Council’s dumping sites and to be buried.

(a) Horses, mules, cows, bulls, oxen, large pigs or other large animals, per carcass: R37.

(b) Calves, heifers, donkeys, foals, wild buck or pigs, except as determined in paragraph (a) per carcass: R26.

(c) Sheep or goats per carcass: R6.

(d) Dogs per carcass: R2,50.

(e) Cats, fowls or other small animals, per carcass: R2,50.

(f) Documents or papers per 50 kg or part thereof: R7,50.

(g) Rags or bags, per 50 kg or part thereof: R7,50.

(h) Footstuffs unfit for human consumption or any other material which in the opinion of the Council's Medical Officer of Health, has to be destructed per 50 kg or part thereof: R7,50. With a minimum of R15 in respect of items (f), (g) and (h).

(2) Acceptance for destruction of animal carcasses or other material delivered at the Council's dumping sites by private transport.

(a) Horses, mules, cows, bulls, oxen, large pigs or other large animals per carcass: R16.

(b) Calves, heifers, donkeys, foals, wild buck or pigs, except as determined in paragraph (a) per carcass: R12.

(c) Sheep or goats per carcass: R4.

(d) Dogs per carcass: R2,50.

(e) Cats, fowls or other small animals per carcass: R2,50.

(f) Documents or papers per 50 kg or part thereof: R6.

(g) Rags or bags per 50 kg or part thereof: R6.

(h) Foodstuffs unfit for human consumption or any other material which, in the opinion of the Council's Medical Officer of Health has to be destructed per 50 kg or part thereof: R3,50.

(i) Trade refuse which requires special handling or burial 1 m³ to 5 m³: R30. More than 5 m³: R30 plus R4,50 per m³ or portion thereof more than 5 m³.

(j) Animal carcasses brought in the SPCA: Free of charge.

9. Dumping at the Council's Dumping Sites

(1) Non-compacted refuse

(a) Private Garden Refuse:

(i) Less than 2 m³: Free of charge.

(ii) More than 2 m³: R1 per m³ including the first 2 m³.

(b) Trade refuse dumped by owners themselves:

(i) Less than 2 m³: R3,50.

(ii) 2 m³ up to and including 4,9 m³: R8,50.

(iii) More than 4,9 m³: R3 per m³.

(c) Trade refuse dumped for gain on behalf of the owner:

(i) Up to and including 5 m³: R15.

(ii) Thereafter per m³: R3.

(2) Compacted Refuse

(a) Less than 10 m³ per load: R42.

(b) 10 m³ and more per load: R65.

(3) Vehicles which are manually off-loaded per m³: R7.

(4) Coupons for dumping refuse shall be purchased from the City Treasurer.

10. Hire of Chemical Toilets

(1) Daily per toilet: R21.

(2) Monthly per toilet: R73.

(3) Service of toilets: R15 per kl or portion thereof, plus transport costs.

(4) Provision of toilets and collection thereof: All costs involved shall be paid by the hirer in advance.

11. Liquid Industrial Waste

(1) Removal by the Council's vehicles and acceptance of liquid industrial waste which in the opinion of the Council's City Engineer, requires the use of evaporation dams or other special treatment per load: R45,50.

(2) Acceptance of liquid industrial waste deposited at the Council's evaporation dams or tipping site by private transport which, in the opinion of the Council's City Engineer, requires the use of evaporation dams or other special treatment per kl or part thereof: R11,50.

12. Special Industrial Refuse

If special industrial refuse cannot be stored on the premises on which such refuse is generated, the City Engineer may require the owner of the premises or such person as may be responsible for the process involving the generation of such industrial refuse, to remove such refuse within a reasonable period of time and if such refuse is not removed within that period, the Council may remove same or arrange that such refuse is removed by a contractor and recover the costs involved from the said owner or responsible person.

The costs of such removal shall be determined by means of a quotation based on the estimated actual costs plus 10 % administrative costs.

J A DU PLESSIS
Town Clerk

Municipal Offices
President Street
Germiston
6 August 1986
Notice No 108/1986

STADSRAAD VAN GERMISTON

VASSTELLING VAN GELDE VIR SANITÊRE- EN VULLISVERWYDERINGS-DIENSTE

Ingevolge artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekend gemaak dat die Stadsraad van Germiston by Spesiale Besluit, die Vasstelling van Gelde vir Sanitêre- en Vullisverwyderings, afgekondig by Kennisgewing 87/1985 van 10 Julie 1985 ingetrek het en die Gelde vir Sanitêre- en Vullisverwyderingsdienste met ingang van 1 Julie 1986 hervasgestel het soos hieronder uiteenge-sit.

GELDE VIR SANITÊRE- EN VULLISVERWYDERINGS-DIENSTE

1. Woordomsywing

Vir die toepassing van hierdie tarief beteken —

"asblikvoering" 'n beige plastiese sak met minstens vyf G's daarop gedruk, deursigtig genoeg sodat die inhoud daarvan onderskei kan word, gemaak van suiwer hoë-digtheids polië-tileen met 'n dikte van minstens 22 mikrometer en 'n variasie in dikte van hoogstens 10 %, en 'n grootte, wanneer die voering platgelê word, van 760 mm by 1 000 mm met 'n variasie van hoogstens 5 mm;

"bedryfsvullis" ook bome wat opgesny is in stukke klein genoeg om deur die Raad se voertuie hanteer te word, en alle swaar vullis van 'n lywige aard wat nie in die voorgeskrewe plastiese sak of houer geplaas kan word nie, asook as, klinkers, sand, stene, rommel, uitgebrande steenkool, metaal voorwerpe, houtkiste, stukke hout, metaal vylsels, saagsels en soortgelyke voorwerpe;

"huisvullis" dieselfde as die betekenis wat daaraan geheg word in artikel 44(e)(i) onder Hoofstuk 1 van Deel IV van die Raad se Publieke Gesondheidsverordeninge;

"tuinvullis" gras, snyblomme en snoeitakke in bondels gebind klein genoeg om onder 'n man se arm gedra te word, of in plastiese sakke gegooi kan word.

2. Algemeen

(1) Om die verwydering van huisvullis te bespoedig, kan die Raad vereis dat slegs asblikvoerings met die Raad se identifiserende merk daarop gebruik mag word in asblikke wat vir die verwydering van sodanige vullis gebruik word en dat die eienaar of bewoner van 'n perseel op sy koste sodanige asblikvoerings moet verskaf. Die Raad kan ook vereis dat geen huisvullis in 'n asblik sonder 'n asblikvoering gegooi mag word nie.

(2) Die asblikvoerings waarna in subitem (1) verwys word, moet op die dag deur die Raad bepaal vir verwydering van sodanige huisvullis behoorlik en doeltreffend teogemaak, gebind en op die sypaadje langs die straat waaraan die perseel grens, geplaas word. Die Raad behou hom die reg voor om te bepaal dat huisvullis vanaf alle persele binne sy regsgebied verwyder moet word.

(3) Plastiese sakke wat vir die verwydering van tuinvullis gebruik kan word, mag nie groter wees as die asblikvoerings wat die Raad vir die verwydering van huisvullis voorskryf nie. 'n Maksimum van 10 sakke word per verwydering toegelaat. Takke en alle oorskot tuinvullis wat nie in sodanige plastiese sakke gehou kan word nie, word as "spesiale tuinvullis" beskou en as sodanig gehanteer en dit sluit heinings en soortgelyke vullis in.

(4) Die Mediese Gesondheidsbeampte het die reg om te bepaal hoe gereeld en op watter basis vullis verwyder moet word.

(5) Alle gelde wat op 'n halfjaarlikse basis ingevolge hierdie tarief gehef word, is halfjaarlikse betaalbaar voor of op 30 April en voor of op 31 Oktober ten opsigte van elke ses maande bereken onderskeidelik met ingang 1 Januarie of 1 Julie van elke jaar.

3. Verwydering van Huisvullis

(1) Per Vullisblik

(a) Privaat Wonings:

(i) Eenmaal per week, per halfjaar, per asblik (maksimum van 2 asblikvoerings per asblik): R36.

(ii) Tweemaal per week per halfjaar, per asblik (sonder asblikvoerings): R56.

(b) Alle Besighede:

(i) Eenmaal per week, per halfjaar, per asblik (maksimum van 2 asblikvoerings per asblik): R44.

(ii) Tweemaal per week, per halfjaar, per asblik (maksimum van 2 asblikvoerings per asblik): R88.

(iii) Driemaal per week, per halfjaar, per asblik (maksimum van 2 asblikvoerings per asblik): R132.

(c) Woonstelle en Meenthuise:

Eenmaal per week per halfjaar per woonstel: R27.

(d) Tydelike diens, per week of gedeelte daarvan: R9 met 'n minimum van R43 per diens. Spesiale diens soos per kwotasie.

(2) Per Massahouer

(a) Met inhoud van 600 l per halfjaar:

(i) Daaglik: R760 (5 dag week).

- (ii) Driemaal per week: R456.
- (iii) Tweemaal per week: R304.
- (iv) Eenmaal per week: R152.
- (b) Met inhoud van 660 l per halfjaar:
- (i) Daaglik: R835 (5 dag week).
- (ii) Driemaal per week: R501.
- (iii) Tweemaal per week: R334.
- (iv) Eenmaal per week: R167.
- (c) Met inhoud van 750 l per halfjaar:
- (i) Daaglik: R945 (5 dag week).
- (ii) Driemaal per week: R567.
- (iii) Tweemaal per week: R378.
- (iv) Eenmaal per week: R189.
- (d) Met inhoud van 1 000 l per halfjaar:
- (i) Daaglik: R1 270 (5 dag week).

- (ii) Driemaal per week: R762.
- (iii) Tweemaal per week: R508.
- (iv) Eenmaal per week: R254.
- (e) Met inhoud van 1,1 m³ per halfjaar:
- (i) Daaglik: R1 400 (5 dag week).
- (ii) Driemaal per week: R840.
- (iii) Tweemaal per week: R560.
- (iv) Eenmaal per week: R280.
- (f) Met inhoud van 2,5 m³ per halfjaar:
- (i) Daaglik: R2 630 (5 dag week).
- (ii) Driemaal per week: R1 578.
- (iii) Tweemaal per week: R1 052.
- (iv) Eenmaal per week: R526.
- (g) Met inhoud van 5,5 m³ per halfjaar:
- (i) Daaglik: R5 760 (5 dag week).
- (ii) Driemaal per week: R3 456.
- (iii) Tweemaal per week: R2 304.
- (iv) Eenmaal per week: R1 152.

4. Verwydering van Bedryfsafval

- (1) Per m³ of gedeelte daarvan vooruitbetaalbaar by wyse van koepon: R9 met 'n minimum van R18.
- (2) Motorwrak: R50.
- (3) Gekompakteerde afval per m³ of gedeelte daarvan: R14,50.
- (4) Per massahouer, vir elke verwydering:
 - (a) Met 'n inhoud van 6 m³: R50.
 - (b) Met 'n inhoud van 8 m³: R66.
 - (c) Met 'n inhoud van 9 m³: R75.
 - (d) Met 'n inhoud van 10 m³: R83.
 - (e) Met 'n inhoud van 12 m³: R100.
- (f) Gekompakteerde afval per 10 m³: R101.
- (5) Huur van Massahouers:

Indien enige massahouer nie minstens vier keer per maand leeggemaak word nie, is die volgende tariewe van toepassing:

 - (a) 6 m³ maandeliks: R20.
 - (b) 8 m³ maandeliks: R27.
 - (c) 9 m³ maandeliks: R32.

- (d) 10 m³ maandeliks: R37.
- (e) 12 m³ maandeliks: R42.

5. Verwydering van Tuinvullis

- (1) Spesiale tuinvullis per m³ meganies gelaai en verwyder: R6.
- (2) Spesiale tuinvullis per m³ met hand gelaai: R9.
- (3) Minimum heffing ten opsigte van paragrafe (a) en (b) per verwydering: R18.

6. Verwydering van Nagvuil of Urine of albei, per Emmer

- (1) Besighede, myne of ander handelondernemings, twee of drie maal per week, per halfjaar: R113.
- (2) Private wonings, twee of drie maal per week, per halfjaar: R64.
- (3) Asiatiese Basaar en Kleurlingwoongebiede, daaglik per halfjaar: R44.

7. Suiptenkdiens

- Verwydering van riool en spoelwater deur 'n suiptenk betaalbaar maandeliks per kl of gedeelte daarvan:
- (a) Ten opsigte van private woonhuise: R6, met 'n minimum van R26,50.
 - (b) Ten opsigte van ander gevalle: R8,50 met 'n minimum van R42,50.

8. Vernietigingsdiens

- (1) Verwydering deur die Raad se voertuie en ontvangs van die dierekarkasse of ander materiaal en begraving by die Raad se stortingsterreine.
 - (a) Perde, muile, koeie, bulle, osse, groot varke of ander groot diere, per karkas: R37.
 - (b) Kalwers, verse, donkies, vullens, wildsbokke of varke, uitgesonderd soos in paragraaf (a) bepaal, per karkas: R26.
 - (c) Skape of bokke, per karkas: R6.
 - (d) Honde, per karkas: R2,50.
 - (e) Katte, hoenders of ander klein diere, per karkas: R2,50.
 - (f) Dokumente of papiere, per 50 kg of gedeelte daarvan: R7,50.
 - (g) Vodde of sakke, per 50 kg of gedeelte daarvan: R7,50.
- (h) Voedsel ongeskik vir menslike gebruik of enige ander materiaal wat na die mening van die Raad se Mediese Gesondheidsbeampte vernietig moet word, per 50 kg of gedeelte daarvan: R7,50. Met 'n minimum van R15 ten opsigte van (f), (g) en (h).

- (2) Ontvangs vir begraving van dierekarkasse of ander materiaal onafgelewer by die Raad se stortingsterreine deur privaat vervoer.
 - (a) Perde, muile, koeie, bulle, osse, groot varke of ander groot diere, per karkas: R16.
 - (b) Kalwers, verse, donkies, vullens, wildebokke of varke, uitgesonderd soos in paragraaf (a) bepaal, per karkas: R12.
 - (c) Skape of bokke per karkas: R4.
 - (d) Honde per karkas: R2,50.
 - (e) Katte, hoenders of ander klein diere per karkas: R2,50.
 - (f) Dokumente of papiere, per 50 kg of gedeelte daarvan: R6.
 - (g) Vodde of sakke, per 50 kg of gedeelte daarvan: R6.

(h) Voedsel ongeskik vir menslike gebruik of enige ander materiaal wat na die mening van die Raad se Mediese Gesondheidsbeampte vernietig moet word per 50 kg of gedeelte daarvan: R3,50.

(i) Bedryfsafval wat spesiale behandeling verg en/of begrawe moet word 1 m³ tot 5 m³: R30. Meer as 5 m³: R30 plus R4,50 vir elke m³ of gedeelte daarvan bo 5 m³.

(j) Diereskarkasse gebring deur die Diereskermingsvereniging: Gratis.

9. Storting by Raad se Stortingsterrein

- (1) Ongekompteerde afval
 - (a) Privaat Tuinvullis:
 - (i) Minder as 2 m³: Gratis.
 - (ii) Meer as 2 m³: R1 per m³ insluitende die eerste 2 m³.
 - (b) Bedryfsafval deur eienaars self gestort:
 - (i) Minder as 2 m³: R3,50.
 - (ii) 2 m³ tot en met 4,9 m³: R8,50.
 - (iii) Meer as 4,9 m³: R3 m³.
 - (c) Bedryfsafval wat namens eienaars vir eie gewin gestort word:
 - (i) Tot en met 5 m³: R15.
 - (ii) Daarna per m³: R3.
 - (2) Gekompakteerde afval
 - (a) Minder as 10 m³ per vrug: R42.
 - (b) 10 m³ en meer per vrug: R65.
 - (3) Voertuie wat per hand afgelaai word per m³: R7.
 - (4) Koepons vir storting van afval moet by die Stadstoesourier aangekoop word.

10. Huur van Chemiese Toilette

- (1) Daaglik per toilet: R21.
- (b) Maandeliks per toilet: R73.
- (3) Diens van toilette: R15 per kl of gedeelte daarvan plus vervoerkoste.
- (4) Voorsiening en terughaal van toilette: Alle koste hieraan verbonde moet vooruit deur die huurder betaal word.

11. Vloeibare Nywerheidsafval

- (1) Verwydering deur die Raad se voertuie en ontvangs van vloeibare nywerheidsafval wat na die mening van die Raad se Stadsingenieur gebruik van verdampingsdamme of ander spesiale behandeling vereis, per vrug: R45,50.
- (2) Ontvangs van vloeibare nywerheidsafval afgelewer by die Raad se verdampingsdamme of stortingsterrein deur privaat vervoer wat na die mening van die Raad se Stadsingenieur die gebruik van verdampingsdamme of ander spesiale behandeling vereis, per kl of gedeelte daarvan: R11,50.

12. Spesiale Nywerheidsafval

Indien spesiale nywerheidsafval nie op die perseel waar sodanige afval ontstaan, gestoor kan word nie, kan die Stadsingenieur van die eienaar van die perseel of die persoon wat verantwoordelik is vir die prosesse waaruit sodanige nywerheidsafval voortvloei, vereis om sodanige afval binne 'n redelike tyd te verwyder en indien die afval nie binne sodanige tyd verwyder is nie, kan die Raad dit verwyder of reël dat dit deur 'n kontrakteur verwyder word en die koste daaraan verbonde op sodanige eienaar of verantwoordelike persoon verhaal.

Die koste van sodanige verwydering word vasgestel by wyse van 'n kwotasie gebaseer op die beraamde koste, plus 10 % administrasiekoste.

J A DU PLESSIS
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Presidentstraat
Germiston
6 Augustus 1986
Kennisgewing No 108/1986

1307—6

JOHANNESBURG MUNICIPALITY

AMENDMENT TO THE COUNCIL'S DETERMINATION OF CHARGES FOR THE SUPPLY OF GAS

The determination of charges in terms of section 80B of the Local Government Ordinance, 1939, for the supply of gas to the Johannesburg Municipality, published in Provincial Gazette No 4126 dated 28 January 1981, is hereby amended with effect from 1 July 1986, by the substitution for subitem (1) of item 1, subitems (1) and (2) of item 4, subitems (1) and (2) of item 5 and subitem (1) of item 6 and the insertion of a new subitem (2) to item 6:

"(1) Consumption within the municipality:

(a) The monthly charges for gas consumed at a dwelling-unit and its outbuildings, if such dwelling-unit is used for residential purposes and such dwelling-unit —

(i) is a dwelling-house; or

(ii) is a dwelling-unit forming part of a pair of semi-detached dwelling-units, shall be —

(aa) for the first 5 gigajoules of gas consumed in any one month, R11,20 per gigajoule;

(bb) for all gas consumed in excess of 5 gigajoules per month, the charges set out in paragraph (d), disregarding all gas consumed as contemplated in paragraph (aa);

(b) The monthly charge for gas consumed at any premises comprising dwelling-units, other than a dwelling-unit as contemplated in paragraph (a) shall be —

(i) for the first 5 gigajoules of gas consumed per month multiplied by the number of dwelling-units on the premises concerned, R11,20 per gigajoule;

